Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 55549
Arcadia
0007
7 November 1997

Geagte lid,

Soos in Nuusbrief 3/97 belowe was, is hierdie dan die laaste stukkie nuus vir 1997, wat saam met Oom Piet Bester se **VASTRAPPER** gestuur word.

1. **NUWEJAARSBOODSKAP :** Die volgende is van die Voorsitter van die TBK ontvang :

" Nog 'n jaar snel ten einde en kan ek met genoeë terugkyk na 'n wonderlike jaar vir ons eie Tradisionele Boeremusiek. Dit is dan ook met hierdie gedagtes dat ek graag vir 1998 vir elke lid net die beste wil toewens. Mag die Here die Hoofpersoon in elkeen se lewe wees en dat Gesondheid, Liefde en Geluk by elkeen sal wees vir die hele 1998. Dankie dat u help bou en bewaar het aan ons eie Boerekultuur, naamlik ons geliefde Tradisionele Boeremusiek. TBK groete. Jasper Vlok."

2. **VAN DIE HOOFBESTUUR** : Hiermee wil die hoofbestuur van die TBK sy dank en waardering uitspreek aan u almal wat die afgelope jaar die verskillende takke ondersteun en 'n bydrae gelewer het - al is dit hoe klein - dit word baie waardeer. Aan almal wat 'n briefie in die pos gegooi het net om dankie te sê vir die werk wat die TBK bestuur doen, baie dankie. Aan al die orkeste en musikante wat op byeenkomste opgetree het, baie dankie vir jul onbaatsugtige ondersteuning - julle het baie bygedra tot die bevordering van tradisionele boeremusiek. Ook aan almal wat "agter die skerms" werk vir die TBK gedoen het, 'n hartlike dank - ons wens ons kon elkeen 'n handdruk gegee het net om dankie te sê.

Aan almal wat geliefdes die afgelope jaar verloor het, bid ons krag en sterkte toe en ons hoop en vertrou dat u die krag en sterkte van Bo sal ontvang om voort te gaan - veral oor Kersfees en Nuwejaar. Ons deel in u leed.

Waar ons dan nou aan die vooraand van 'n nuwe jaar staan, wil die hoofbestuur dan ook van hierdie geleentheid gebruik maak om u, u gesin en familie-lede elkeen 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige 1998 toe te wens. Mag al u drome, voornemens en wense vir 1998 bewaarheid word. Mag die beste van 1997 die slegste in 1998 wees. As u met vakansie gaan, ry versigtig, geniet u rustydjie en kom weer veilig tuis. Ons hoop dat u goed uitgerus en lus sal hê om die probleme van 1998 (wat dit ook al mag wees) vierkantig in die oë te kyk en 'n nietigheid daarvan sal maak.

3. **OORLEDE :** Dit was vir ons almal 'n baie groot skok om vroeg Dinsdagoggend, 30 September, te verneem dat Oom Ben Bester, voorsitter van die Vaalharts-tak (Hartswater), dié oggend in sy slaap oorlede is. Ons dra hiermee die TBK se innige meegevoel en simpatie oor aan Tannie Bester en kinders. Mag u die krag en sterkte van Bo ontvang om voort te gaan. Ons is met u in ons gebede.

4. **BYEENKOMSTE VIR 1998 :** Op hierdie stadium het ons nog nie al die datums van die takke se byeenkomste vir 1998 nie, dus gee ons die byeenkomste vir vroeg in 1998 wat wel bekend is. Ons beplan om, soos in die verlede, weer 'n volledige lys van al die takke se byeenkomste vir 1998 saam met die eerste nuusbrief vir 1998 (Februarie) te stuur.

a. Pretoria-tak : Die Oudag Boereorkes se Oujaarsaanddans : 31 Desember 1997 in die Akasia stadsaal. Die tak se eerste byeenkoms in 1998 is op die 7de Februarie in die Akasia stadsaal. Kontakpersone : Tom Adams (012) 71-3700 (H) of Stephaan van Zyl (012) 343-6876 (H)

b. Wesrand-tak : Die tak se eerste byeenkoms is op die 7de Maart in die Roodepoort stadsaal. Kontakpersoon : Oom Ben Low (011) 764-2205 (H)

c. Vaaldriehoek-tak : Die Van der Bylpark se Tradisionele Boeremusiek orkes se Oujaarsaanddans in die Mimosa Karavaanpark op Parys. Die tak se eerste byeenkoms is op die 28ste Feb. '98 in die Vereeniging stadsaal. Kontakpersoon : Peet van Staden (016) 981-2605 (H)

d. Bloemfontein-tak : Die tak se eerste byeenkoms is op die 21ste Februarie in die Posduifsaal, wanneer die tak se AJV gehou sal word. Kontakpersoon : Neels Botha (051) 333-111 (H) of Jasper Vlok (051) 522-1839 (H)

e. Vaalharts-tak (Hartswater) : Met die afsterwe van Oom Ben Bester op die 30ste September, is die tak se byeenkomste vir '98 en wie die voorsitterskap gaan oorneem, nog nie bekend nie. Ons sal u op hoogte hou.

f. Karoo-tak : Die tak se laaste byeenkoms vir 97 is op 15 November en die eerste byeenkoms vir 1998 is op die 28ste Februarie. Beide byeenkomste vind in die stadsaal plaas. Kontakpersoon : Hansie Erasmus 04932 vra vir 168 (H)

g. Goudveld-tak : Die tak se eerste byeenkoms is op die 31ste Januarie wanneer die AJV sal plaasvind. Kontakpersoon : Neels Claasen (057) 83-503 (H) of (057) 212-3156 (W)

h. Pietersburg-tak : Die tak se byeenkomste vir 1998 kon nog nie vasgemaak word nie, maar kontak gerus vir Oom Piet Bester by (0152) 293-1374 (H).

5. **DEBIETORDERS :** Kom ons kyk weer 'n slag na die debietorders. Kan u vir my 'n eerlike antwoord op die volgende vraag gee : "Wat se waarde heg u, as lid, aan 'n betaling van R10-00 per maand ?" Die meeste antwoorde wat ek tot dusver gekry het, was "absoluut niks, want ek kry skaars kleingeld terug as ek 'n brood en twee liter melk gekoop het !" Meneer/Mevrou, daardie R10-00 per maand kan vir u BAIE meer waarde gee. Het u geweet dat u u ledegeld plus een laserskyf (CD) van u keuse, per jaar, teen R10-00 per maand kan kry ? Vul 'n debietorder in waar u R10-00 (tien rand) per maand betaal en u ledegeld is betaal en u ontvang een CD gratis per jaar. Indien u nie meer u debietorder vorm het nie, skakel enige van die takvoorsitters en hy kan vir u 'n vorm aanstuur, of skryf aan bogenoemde adres. . U kan natuurlik die bedrag per maand meer maak, bv. R15-00, R20-00 of R25-00, maar dan is daar meer gratis CD's of kassette op die spel. Aangesien daar so baie nuwe lede sedert Februarie verlede jaar bygekom het, herhaal ons net die Aftrekorder/Debietorder stelsels wat die TBK aanbied (lees dit goed deur en maak u eie sommetjies) :

a. Teen **R10-00 per maand** vir een jaar, is u **ledegeld** (R40-00) **vir die jaar betaal** EN u ontvang **EEN NUWE laserskyf (CD) EN een kasset** van u keuse **gratis,**

b. Teen **R15-00 per maand** vir een jaar, is **ledegeld** (R40-00) **vir die jaar betaal** EN u ontvang **TWEE NUWE laserskywe** (CD's) **OF kassette** van u keuse **gratis,**

c. Teen **R20-00 per maand** vir een jaar, is u **ledegeld** (R40-00) **vir die jaar betaal** EN ontvang u **DRIE NUWE laser-skywe** (CD's) **OF kassette** van u keuse **gratis,**

d. Teen **R25-00 per maand** vir een jaar, is u **ledegeld** (R40-00) **vir die jaar betaal** EN ontvang u **VIER NUWE laser-skywe** (CD's) **PLUS EEN beskikbare (vorige vrystelling) laserskyf (CD) OF kassette van u keuse, gratis.**

Soos u van bogenoemde kan aflei, is daar wel voordele aan verbonde - geen bekommernis oor die jaarlikse ledegelde nie (al word dit verhoog) en u kry x-hoeveelheid laserskywe (CD's) of kassette per jaar gratis - afhangende van die stelsel wat u verkies. Indien u meer besonderhede oor die aftrekorder/debietorder-stelsels wil bekom, skakel asb vir Mev Gerda du Plessis by (012) 548-0956. Ons huidige lede wat gebruik maak van die Aftrekorderstelsel - u kan gerus u bank vra wat die goedkoopste is vir die kliënt : die aftrekorder of die debietorder.

6. **INLIGTING**. Om ons te help met al die persoonlike besonderhede, stuur ons elke lid se besonderhede/informasie saam met hierdie nuusbrief - **VUL ASB DIE BESONDERHEDE IN WAAR DIT VAN TOEPASSING IS EN STUUR DIT ASB SO GOU AS MOONTLIK TERUG AAN B.G. ADRES,** of direk aan my by **Bruarfossweg 80, Valhalla 0185, of u kan dit by enige byeenkoms vir die Voorsitter van die tak gee (plaas dit asb in 'n koevert).** Weereens, onthou dat **ALLE informasie van ons lede word as VERTROULIK hanteer en word onder GEEN omstandighede vir enige persoon/instansie gegee nie.** Dit bly die TBK se "eiendom". **Ons hoop van harte dat ons lede hul volle samewerking sal gee om hierdie vorms weer vir ons terug te stuur. Hierdie informasie sal ook gebruik word vir die uitreiking van lidmaatskap sertifikate gedurende 1998.**

Die informasie wat ons verlang, en wat u ASB moet invul, is vanaf "Titel" tot en met "Aangesluit (J/M"). Die informasie t.o.v. die Aftrekorder, Ledegeld ontvang, Ledegeld uitstaande en die Debietorders het ons reeds.
(NB "TBK Titel" word ingevul waar 'n lid 'n Erelid (EL), Spesiale lid (SL), Oudstryder (OS) ens. is)

Ledegeld : as u vorm, onder "Ledegeld ontvang (datum)", "Bedrag", "Vir (jaar)", "Ledegeld uitstaande (jaar en Bedrag" ingevul is, versoek ons u vriendelik, dog dringend, om u ledegeld sommer saam met die vorm terug te stuur. Tjeks en posorders kan uitgemaak word aan : **T.B.K. van S.A.** en maak tog ASB seker dat die **tjek/posorder GEKRUIS** is en stuur dit aan : **T.B.K. van S.A., Posbus 55549, Arcadia 0007.** 'n Kwitansie sal aan u gepos word.

7. **TE KOOP :** Die volgende instrumente, wat almal in 'n baie goeie toestand is, word te koop aangebied deur Oom Mike Lotter - pryse beskikbaar op aanvraag en is onderhandelbaar : **6-ry Wheatstone konsertina, 4 ry Wheatstone konsertina, 2-ry Wheatstone konsertina, 2-meter hoog traporrel met spieël in die middel, Columbia kabinet grammofoon, 1919 model EN 'n 1924 model, +- 1-meter hoog** Indien u belangstel, skakel vir Oom Mike by **(011) 917-7740 (H)** of gaan besigtig die instrumente by **2de Straat 10, Boksburg-Noord**.

So het ons dan (weereens) aan die einde van nog 'n jaar se nuusbriewe gekom. Dit was (weereens) 'n groot lekkerte om die nuusbriewe te doen - veral as ons lede "saam gesels" deur vir ons 'n paar lyntjies in die pos te gooi ! Ons sien uit na volgende jaar (wat dit ook al mag bring !) - ek hoop ek sal die eer te hê om die 1,000ste lid van die TBK gedurende 1998 bekend te maak ! Vir dié lid sal ek twee komplimentêre kaartjies gee om twee byeenkomste van die Pretoria-tak by te woon!

Beste wense en tradisionele boeremusiekgroete van huis tot huis.

Adams

(T.E. Adams (Tom) : Voorsitter : Pretoria-tak van die TBK van S.A.)